# BOEKBESPREKINGS/ BOOK REVIEWS

F.A. VAN JAARSVELD, A.P.J. VAN RENSBURG en W.A. STALS (reds.). *Die Eerste Vryheidsoorlog: van verset en geweld tot skikking deur onderhandeling 1877—1884.* HAUM: Pretoria en Kaapstad, 1980. 282 pp. plus foto's. R17,50 (eksklusief). ISBN 0 7986 0532 4.

In 1980 is die byna vergete en deur historici afgeskeepte Eerste Vryheidsoorlog uit die spreekwoordelike kanferkis gehaal en afgestof. Die resultaat was dat verskeie publikasies in die afgelope jaar die lig gesien het, insluitende hierdie een wat die bydrae van die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Pretoria is tot die honderdjarige herdenking van die Eerste Vryheidsoorlog. 'n Hele aantal medewerkers, onder wie personeellede en oud-studente, het bydraes gelewer.

Die omvattendste is dié van Louis Scott oor die Boereweerstand teen gedwonge Britse bestuur in Transvaal gedurende die jare 1877 tot 1880. Sy bydrae is 'n aanpassing by die tema van hierdie publikasie van sy MA-verhandeling *Die rol van die Volkskomitee in die geskiedenis van Brits-Transvaal, 1877—1880.* Scott bespreek die omstandighede wat tot die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek aanleiding gegee het en gee voorts 'n uiteensetting van die beweging — veral die rol wat die Volkskomitee gespeel het — wat die voorspel was tot die eensydige herstel van die onafhanklikheid en die daarmee gepaardgaande verset teen Britse oorheersing.

Die gewelddadige verset van die Transvalers teen Britse oorheersing word deur J.E.H. Grobler en C.M. Bakkes in ses kort hoofstukke behandel. Die outeurs, albei kenners van militêre geskiedenis, het hulle dit kennelik nie ten doel gestel om 'n indringende en omvattende krygsgeskiedenis daar te stel nie, waarskynlik omdat die ruimte daarvoor ontbreek het. Hulle het tog daarin geslaag om die belangrikste botsings, onder meer die Transvalers se oorwinning by Bronkhorstspruit, die beleëring van die Britse garnisoene in Pretoria, Standerton, Wakkerstroom, Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg en Marabastad, die veldslae by Laingsnek en Schuinshoogte en die finale — en vir die Britse magte rampspoedige — slag by Amajuba op 27 Februarie 1881 oorsigtelik en op leesbare wyse te boek te stel.

In vier kort hoofstukke bespreek Maria Hugo en J.E.H. Grobler die onderhandelinge wat die vredesluiting voorafgegaan en gelei het tot die ondertekening van die Pretoria-konvensie in 1881 ingevolge waarvan aan die Transvalers selfregering toegeken is onderworpe aan Britse soewereiniteit, en die Londen-konvensie in 1884 — drie jaar na die slag by Amajuba — waardeur Republikeinse onafhanklikheid herstel is.

In die laaste afdeling word die steun wat die Transvalers van buite hulle landsgrense vir hulle onafhanklikheidstryd geniet het, deur vier kenners bespreek. D.H. Heydenrych wys daarop dat die Afrikaners in die Kaapkolonie reeds sedert die anneksasie van die Z.A.R. standpunt ten gunste van die herstel van die onafhanklikheid ingeneem het en dat hulle simpatie gedurende die Eerste Vryheidsoorlog ook by die Transvaalse vryheidstryders gelê het. S.F. Malan en M. Flemmer behandel die steun wat in die Oranje-Vrystaat en in Natal onderskeidelik vir die Transvaalse onafhanklikheidstryd bestaan het. Die reaksie in die buiteland op die Eerste Vryheidsoorlog word deur F.J. du Toit Spies uiteengesit. F.A. van Jaarsveld bespreek in 'n ietwat losstaande hoofstuk die onafhanklikheidstryd as faktor in die ontstaan van Afrikanernasionalisme.

Hierdie andersins keurige publikasie gaan mank aan enkele gebreke wat in so 'n kollektiewe poging haas onvermydelik is. Die redakteurs het nie daarin geslaag om aan die werk inhoudelik en tegnies 'n eenheidskarakter te gee nie. Die verskillende bydraes oorvleuel mekaar enersyds, en andersyds laat dit belangrike stof onbehandeld, soos byvoorbeeld die belangrike Buitengewone Volksraadsitting van September 1881 en die Paardekraalfees van Desember 1881. Die gebrek aan eenheid is veral te bespeur in die voetnote en bronneverwysings waar stylverskille uiters opsigtelik is. Dit is voorts baie jammer dat 'n werk soos hierdie sonder 'n register van enige aard gepubliseer word.

*A.G. OBERHOLSTER*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*

C. SAUNDERS and H. PHILLIPS (Eds.). *Studies in the history of Cape Town.* Vol. 2 (ISBN 0 7992 0336 X) and Vol. 3 (ISBN 0 7992 0384 X). History Department, University of Cape Town: Cape Town, 1980.

The first volume of *Studies in the history of Cape Town* which was published in January 1979 consists of papers presented to the 1978 workshop of the History Department, University of Cape Town, on the history of Greater Cape Town. A second workshop of this kind took place over the weekend of 14—16 September 1979 at the University of Cape Town and some dozen papers were presented.

Five of these (1979) and one by Robert Ross on the occupations of slaves in the eighteenth century Cape Town, presented at the 1978 workshop, were published in *Studies in the history of Cape Town,* Vol. 2. The five papers are by Christopher Saunders on Blacks in Cape Town in the nineteenth century; Janet Hodgson on Xhosa chiefs in Cape Town in the mid-nineteenth century; Vivien Bickford-Smith on Black labour at the Cape Town docks at the beginning of the twentieth century; Robin Hallett on violence and social life in Cape Town in the 1900s; and Tom Lodge on the Paarl insurrection of 1962.

In *Studies in the history of Cape Town,* Vol. 3, a further seven papers presented to the September 1979 workshop were published. A paper by Howard Phillips deals with Cape Town in 1929; Peter Buirski analyses the composition of Adderley Street, Cape Town, between 1867 and 1885; Sydney Petersen describes the development of the Table Bay Harbour between 1860 and 1870, and G.C. Cuthbertson the impact of the emancipation of slaves on St Andrew's Scottish Church in Cape Town between 1838 and 1878. Also included in this publication are Elizabeth van Heyningen's paper on refugees and relief in Cape Town during the Second Anglo-Boer War of 1899 to 1902; Evangelos A. Mantzaris's on the 1918 Cape Town musicians' strike; and Don Pinnock's on the "Lumpen" proletariat challenge of street-corner armies in District Six between 1900 and 1951. A select guide to recent work on the history of Cape Town by Christopher Saunders was also published in this volume.

As papers presented to a workshop on the history of Cape Town they are somewhat divergent as far as the period under consideration and subject matter are concerned. Except that most of the papers in one way or another deal with the role of the Coloured or Black population in the history of the Western Cape, there is no indication that the 1979 workshop meeting had identified by historical definition the object to be worked out jointly.

However, the published papers certainly make a substantial contribution to our knowledge of the history of the Western Cape, especially to that of Cape Town, and must be regarded as valuable stepping stones to a comprehensive history of Greater Cape Town — something which the organisers of this project have probably had in mind all along.

Three important issues emerged from the papers presented: firstly, the real contribution of Coloureds and Blacks to the economy of the Western Cape over an extended period of time; secondly, that the presence of Blacks in the Western Cape has a historical basis and is not to be regarded as a contemporary phenomenon; and finally, that the quality of the living conditions for Black and Coloured will determine stability in the Western Cape.

*A.G. OBERHOLSTER*
*Human Sciences Research Council*